# Resensie/Reviews

**SMIT, KOBUS & UYS, LEANA. 1992. Kliniese Etiek: 'n Christelike benadering.** 2de uitgawe. Kenwyn : Juta. 166 p. Prys: R49,00.

**Resensent**: P.J. de Bruyn (Dept. Dogmatologie en Ekklesiologie, PU vir CHO)

In die etiek kom 'n mens tans herhaaldelik te staan voor probleme waarvoor daar nie sonder ernstige nadenke en besinning korrekte en aanvaarbare oplossings of antwoorde gegee kan word nie. Veral in die sogenaamde *grenssituasies*, waar 'n mens onder andere te doen kry met die probleem van botsings van pligte, is dit dikwels baie moeilik om te weet wat eties korrek is en wat nie. Daarby moet in gedagte gehou word dat 'n persoon se optrede in sulke situasies primêr bepaal word deur sy religieuse grondoortuigings.

Smit en Uys gee in hierdie boek aandag aan die etiese probleme op die terrein van die kliniese wetenskappe, dit wil sê dié wetenskappe wat te doen het met die fisiese en psigiese gesondheid van die mens en sake wat daarmee verband hou. Hulle doen dit vanuit 'n Christelike grondoortuiging.

- Hoofstuk 1 is hoofsaaklik prinsipieel van aard en daarin word aandag gegee aan die grondbeginsels van 'n kliniese etiek vanuit 'n Christelike oogpunt. In die hoofstukke wat daarop volg, word die vernaamste klinies-etiese probleme by die mens vanaf die voorgeboortelike tydperk tot by die dood agtereenvolgens onder die loep geneem. Die volgende is enkele van die sake wat in die verskillende hoofstukke ter sprake kom:
- Hoofstuk 2 handel oor *die voorgeboortelike tydperk*: kontrasepsie, kunsmatige inseminasie, aborsie, fertiliteitsbehandeling en surrogaatmoederskap.
- Hoofstuk 3 handel oor *die kinderjare en adolessensie*: kongenitale defekte en erge prematuriteit, toestemming vir die toepassing van behandeling op minderjariges en kontraseptiewe middels vir adolessente.
- Hoofstuk 4 handel oor *die volwassene*: die pasiënt se reg om te weet, die gee van toestemming vir behandeling, professionele geheimhouding en die reg op privaatheid, vigs en geslagsveranderende chirurgie.
- Hoofstuk 5 handel *oor psigiatrie*: gedwonge opname as die ontneming van regte en vryhede, bewussynsveranderende geneesmiddels, dwelmmisbruik en homoseksualiteit.

- Hoofstuk 6 handel oor *kliniese navorsing*: eksperimente op gesonde en siek mense, gekontroleerde proewe, die gebruik van proefdiere vir mediese navorsing, geenterapie en genetiese ingenieurswese (manipulasie).

- Hoofstuk 7 handel oor *eutanasie* (genadedood): aktiewe en passiewe eutanasie, eutanasie op versoek, eerbied vir die lewe, sinvolle of sinlose lewe, selfmoord, die Christelike interpretasie van religieuse lewe en dood.

- Hoofstuk 8 handel oor *etiese komitees en gesondheidsdienste* met besondere aandag aan die samestelling, doelstelling en funksionering van die etiese komitees.

- Hoofstuk 9 vorm die *slothoofstuk* waarin veral aandag gegee word aan die drie modelle vir die verhouding tussen klinikus en pasiënt, naamlik die outoritêre model, die kontraktuele model en die naaste- (medemenslike) model. Slegs die naaste-model word as 'n egte etiese model beskou wat persoonseerbiedigend en persoonsbehandelend is.

Aan die einde van die belangrikste afdelings en die meeste hoofstukke word 'n stel riglyne of beginsels aangedui wat terselfdertyd 'n samevatting is van die inhoud van die betrokke afdeling of hoofstuk én 'n aanduiding is van hoe daar in die betrokke situasies opgetree behoort te word. Hierdie riglyne is baie waardevol en prakties.

Die skrywers stel soms vrae wat ook die Christen-etikus tot ernstige nadenke stem. So wys hulle onder andere daarop dat hoewel die Christelike etiek op grond van die Skrif afwysend staan teenoor aborsie en egskeiding, daarin tog voorsiening gemaak word vir uitsonderlike situasies waarin dit wel toegelaat word. Daarteenoor het die Christelike etiek in die verlede nie net aktiewe eutanasie nie maar ook passiewe eutanasie feitlik konsekwent afgewys – ook in uitsonderlike situasies waarin die oorweging van passiewe eutanasie wel meriete kon hê. En dan ontstaan die vraag: Waarom hierdie inkonsekwensie? (vgl. p. 139).

Miskien ontstaan die probleem gedeeltelik vanuit die gebruik van bepaalde terminologie. Dit wil immers voorkom of die skrywers die afskakeling van die masjiene by iemand wat reeds breindood is ook as 'n vorm van passiewe eutanasie beskou (p. 133). Ek is van oordeel dat dit geen passiewe eutanasie is nie, maar bloot 'n bevestiging van die feit dat die persoon in werklikheid reeds dood is, maar slegs kunsmatig deur masjiene aan die 'lewe' gehou word. Nogtans verdien die vrae van die skrywers indringende aandag.

Na my oordeel het hierdie boek besondere meriete. Op 'n baie praktiese en nugtere wyse word hier vanuit Christelike oogpunt antwoorde op brandend-aktuele

vraagstukke gegee. Dit is ook duidelik dat die skrywers op hoogte is met die jongste literatuur op die gebied van die mediese etiek. Die lees en bestudering van die boek is myns insiens noodsaaklik vir alle geneeshere, verpleegsters, teoloë en almal wat in hulle beroepe op een of ander wyse met die geestelike en liggaamlike gesondheid van die mens te doen het. Hoewel daar soms woorde en uitdrukkings gebruik word wat eie aan die kliniese wetenskappe is en vir sommige lede van die publiek onbekend sal wees, behoort dit vir die meeste mense nie moeilik te wees om die gang van die skrywers se redenasie te volg nie.

Enkele leemtes/probleme wat by die lees van die boek gevind is, is die volgende:

- Daar is verskeie drukfoute, hoewel dit in die meeste gevalle nie probleme skep om die bedoeling van die skrywers te verstaan nie.
- In die inhoudsopgawe word hoofstukke 8 en 9 nie vermeld nie.
- Op die buiteblad en op die rugkant word die skrywers aangedui as Uys en Smit, terwyl hulle op die titelbladsy as Smit en Uys aangedui word. Dit kan probleme oplewer by verwysings en by katalogisering.
- In 'n boek soos hierdie moes die skrywers ook aandag gegee het aan die probleem van orgaanoorplanting.
- 'n Indeks aan die einde sou dit baie makliker gemaak het om hierdie boek te gebruik.

Nogtans beskou ek hierdie boek as baie waardevol en wil die lees daarvan baie sterk aanbeveel.

**VAN DER WALT, J.L. 1992. Fundamentele Opvoedkunde en die ontisiteit van opvoeding. RGN-studies in Metodologie.** Pretoria : RGN-uitgewers. 138 p.

**Resensent**: W.A. Landman (Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, UNISA)

J.L. van der Walt het reeds vir homself bekendheid, waardering en agting verwerf in die Suid-Afrikaanse opvoedkundige gesprek, veral vanweë sy skerp analises van kenteoretiese aangeleenthede. Op dié wyse dien hy die gesprek tussen die verskillende denkskole in die opvoedkunde op 'n uitmuntende wyse. Hy verhef die gesprek tot wetenskaplike vlak deur die doeltreffende uitskakeling van algemene gepratery, oppervlakkigheid en naïwiteit op grond van hoorsê-getuienis en karikaturisme.

Van der Walt slaag daarin om die wesenskenmerke van drie kenweë naamlik

* die konseptueel-analitiese kenweg,

* die fenomenologiese kenweg en
* die struktuur-empiriese kenweg

aan die lig te bring deur onder andere daardie kenmerke duidelik aan te toon en dan verskille en ooreenkomste te beskryf en te verduidelik.

Besondere klem word gelê op die verskillende onderliggende filosofiese uitgangspunte. Dit is hierdie beklemtoning wat noodsaaklik is vir die begryp van die drie kenweë, maar 'n beklemtoning wat tog lei tot 'n kenteoretiese pessimisme. Dit behoort besonder sinvol te wees indien Van der Walt 'n opvolgartikel sou skryf waarin hy op die skerpsinnige wyse waartoe hy in staat is, kritiese aandag sal gee aan die feit

* dat die opvoedingswerklikheid weens die kompleksiteit daarvan hom leen tot 'n multiperspektiwistiese benadering;
* dat die bestaan van verskillende toegangsweë tot die werklikheid, die opvoedkundige dwing om weg te beweeg van 'n metode-monisme (teoretiese purisme);
* dat die wetenskaplike se metode-keuse bepaal moet word deur sy doelwitte, in die lig van die sterk punte van die verskillende kenteoretiese moontlikhede, sonder om verskillende teorieë (metodologieë, benaderingswyses) saam te snoer tot 'n eenheid;
* dat daar 'n moontlikheid bestaan dat denkers prosedures uit verskillende benaderingswyses kan aanwend, sonder om dié teorieë (filosofieë, paradigmas) wat onderliggend is daaraan te onderskryf. Dit is moontlik omdat metodes en tegnieke effektief kan wees vir redes wat anders is as dié wat die skeppers daarvan stel vir die sukses daarvan.

Hierdie publikasie is veral vir die student met 'n kenteoretiese belangstelling 'n demonstrasie van wat met die eise van wetenskaplikheid bedoel word. Die hoogstaande kwaliteit van die navorsing wat gedoen is en die interpretasies wat onderneem is, beïndruk die kritiese leser.

Die volgende persone behoort baat te vind by die bestudering van hierdie publikasie: Alle dosente in die opvoedkunde (welke dissipline ook al), Opvoedkunde III-studente met begeleiding deur 'n dosent, alle B.Ed-studente, HOD-studente met definitiewe dosente-begeleiding, M.Ed- en D.Ed- studente in Filosofie van die Opvoeding.

Die publikasie is netjies gedruk en voorsien van 'n baie aantreklike buiteblad.

Daar word vertrou dat alle Fakulteite van Opvoedkunde hulle studente sal blootstel aan die inhoud van hierdie publikasie.